
# DRAMA




**Across**

**1.** 'n Drama word geskryf om _____ te word.
**4.** Die gehoor van 'n verhoogdrama mag glad nie met mekaar sit en ______ of sit en eet nie.
**10.** Verhoogdramas word in 'n _______ opgevoer.
**11.** 'n Drama sit 'n mens in 'n ander _______ terwyl jy daarna kyk.
**13.** 'n Drama wat 'n mens laat lag, word 'n _______ genoem.
**14.** Die gehoof van 'n verhoogdrama, gee 'n ______ aan die einde van die drama om hulle waardering te wys.
**17.** Stoele en tafels op die verhoog, word die _______ genoem.
**24.** In radioteater maak dit nie saak hoe die akteur lyk nie, maar hoe hy ______.
**25.** Die lewensles van 'n drama, word die _______ genoem.
**26.** Die antoniem van dialoog is 'n _______-loog.
**29.** 'n Sinoniem vir botsing, is _____.
**30.** Die kleredrag en taalgebruik moet by die _____ waarin die drama afspeel, pas.
**34.** Uiterlike botsing kan _______ word.
**35.** In die ontwikkelingsfase van die drama, word die _______ al hoe erger.
**36.** Iemand wat 'n drama afrig, word 'n _____ genoem.
**37.** 'n Radiodrama kan nie te ______ wees nie, want dan verloor die luisteraar belangstelling.
**38.** Die simbool van "drama" bestaan uit twee _________.
**39.** Die akteurs op 'n verhoog se gesigsuitdrukkings en ______ is belangrik, terwyl dit nie by 'n radiodrama die geval is nie.
**41.** Die kyker van 'n televisiedrama is gewoonlik _____, want hy sit net en kyk.
**44.** Die karakter- ___________ dui in die geskrewe teks van 'n drama aan wie die karakters in die drama is.
**45.** Die dialoog van die karakters word in die __________ van die geskrewe drama weergegee.
**46.** In 'n verhoogdrama moet 'n akteur tydens die hele drama in die _____ van die karakter kan klim en daar bly.
**47.** Die skrywer van 'n drama, word die _______ genoem.
**48.** Die ______ is deesdae een van die gewildste vorme van vermaak en ook 'n medium vir dramas.

**Down**

**2.** ______ konflik is gewoonlik emosionele botsing tussen 2 sake binne een karakter.
**3.** As jy 'n drama lees, moet jy 'n ________ in jou kop van die gebeure vorm.
**5.** 'n Verhoogdrama word ook 'n ____ genoem.
**6.** Kleiner beweegbare items op 'n verhoog, word die ____ genoem.
**7.** 'n Sinoniem vir plek of ruimte, is _______.
**8.** Voordat akteurs aangewys kan word om spesifieke rolle te vertolk, meot daar eers 'n _____ gehou word.
**9.** 'n Mens kan nie tydens 'n verhoogdrama in en uit die teater loop nie, want daar speel _____ akteurs in die drama.
**12.** Die _____ -huis in Port Elizabeth is die oudste teater in die suidelike halfrond.
**15.** Die held in 'n drama word ook die _____ genoem, terwyl die karakter wat hom teenstaan, die antagonis genoem word.
**16.** Die kyker van die drama leer die karakters en hulle omstandighede in die _______ van die drama ken.
**18.** Dramas wat nie op die werklikheid gebaseer is nie, is _______.
**19.** Tegniese aspekte by 'n verhoogdrama het te make met klank en _______.
**20.** 'n Roman, drama en 'n gedig behoort aan 3 verskillende _____.
**21.** Die bou van 'n drama moet aan die _______-lyn voldoen, om die leser se aandag te behou.
**22.** Die toneelaanwysings word in die geskrewe drama in die _______ aangedui.
**23.** 'n Radiodrama word ook 'n _____ genoem.
**27.** Die hoogtepunt van 'n drama, word die _______ genoem.
**28.** Die persone wat in 'n drama voorgestel word, word ________ genoem.
**31.** 'n Televisiedrama se _______ is onbeperk.
**32.** Deesdae word die _________ van 'n verhoog nie meer oop of toe gemaak nie, maar bly dit oop.
**33.** In 'n verhoogdrama het die akteur nie 'n _____ om sy stem te versterk nie.
**40.** Die motoriese moment is daardie oomblik wat die ______ begin.
**42.** Die spanning in 'n drama neem af, in die _____ van die drama.
**43.** Donderweer 'n deur wat kraak of voetstappe in 'n radiodrama word _____ genoem.

Create your own puzzle at WordMint.com or print one of our 500,000+ pre-made word searches, crosswords, and more.